**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saak nommer. : 21/2011

In die saak tussen:

**SELLO PETER ADORO** Applikant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**UITSPRAAK:** HANCKE, WND RP

---

**GELEWER OP:** 2 AUGUSTUS 2012

---

[1] Die applikant is aan die volgende misdrywe skuldig bevind en soos volg gevonnis:

- Moord - 25 jaar gevangenisstraf:
- Gewapende roof - 15 jaar gevangenisstraf;
- Onwettige besit van 'n vuurwapen – 15 jaar gevangenisstraf;
- Onwettige besit van ammunisie – 2 jaar gevangenisstraf.

[2] Dit is gelas dat die vonnisse saam met die vonnis op die moordaanklag uitgedien moet word, bygevolg is die applikant se effektiewe vonnis 25 jaar gevangenisstraf.

[3] Die applikant doen nou aansoek om verlof om te appelleer teen sy opgelegde vonnis. Dit is die saak van die applikant dat die hof *a quo* die erns van die misdryf en die morele verwytbaarheid oorbeklemtoon het en nie genoegsame gewig geheg het aan die feit dat hy skuldig gepleit het en onomwonde sy betrokkenheid by die dood van die oorledene erken het; verder dat hy berou getoon het vir sy dade en sy bereidwilligheid te kenne gegee het om teen sy mede-beskuldigdes te getuig.

[4] Die motief vir die moord in die huidige saak was uitsluitlik vir finansiële gewin. Die applikant het opgetree as ‘n professionele sluipmoordenaar en blyk dit ook dat hy by ander moorde betrokke was wat hy teen vergoeding gepleeg het. Indien hierdie hof fouteer het, dan was dit in die guns van die applikant om nie lewenslange gevangenisstraf op te lê nie.

[5] Na my mening bestaan daar nie redelike vooruitsigte op sukses nie. Die aansoek kan dus nie slaag nie.

[6] Bygevolg word die aansoek van die hand gewys.

**S. P. B. HANCKE, WND RP**

Namens die applikant: Prokureur P. L. Van der Merwe
In opdrag van:
Bloemfontein Regsentrum
BLOEMFONTEIN

Namens die respondent: Adv. J. M. De Nysschen
In opdrag van:
Die Kantoor van die Direkteur:
Openbare Vervolgings
BLOEMFONTEIN

/eb